

**Abri en Ansie Cilliers van Alberton en Jaco (6 maande), Anrie (9), Ariana (16) en Liza (13).**

ANSIE CILLIERS

"Dis 'n ontsaglik moeilike besluit om te neem," sê Ansie Cilliers van Alberton, ma van Jaco (6 maande) met Downsindroom. "'n Mens huil jou oë uit. Dis 'n sielewroeging: doen jy die regte ding, en sal jy met jou keuse kan saamleef? Ons het besluit om Jaco te behou, maar ek sal niemand veroordeel wat nie daarvoor kans sien nie. Ek kry hulle net diep uit my hart jammer."

Ansie was 39 toe sy onverwags swanger geraak het. Haar dogters, Ariana (16), Liza (13) en Anrie (9), se opgewondenheid was groot en 'n dolgelukkige pa, Abri, het belowe hulle sou Ansie mooi oppas. Die roetinesiftingstoets het gedui op 'n een uit 121 kans dat die baba 'n chromosoomafwyking kon hê. Die Cilliers-gesin het saam op 'n amniosentese besluit.

Ansie is seker sy sou nooit sonder haar gesin die weke lange wagtyd kon oorleef nie. Toe kom die uitslag: positief. Nou moes hulle ja of nee sê vir 'n beëindiging van die swangerskap.

Daardie Vrydag het hulle sonars laat doen om te kyk of die baba ander fisieke afwykings het. Een radioloog het Ansie diep geraak. Sy het gesê die vraag is nie watter afwykings die baba het nie, maar of die gesin kans sien om met Downsindroom saam te leef. Dis soos die besluit of jy kinders wil hê: jy voer dit deur, al weet jy nie vooraf of dit 'n gesonde kind gaan wees nie.

Die Cilliers-gesin het hulle 'n naweek lank afgesonder om na te dink en te bid. Ansie het nie veel van Downsindroom geweet nie en wou weet of die baba handjies en voetjies sou hê. Toe Abri, 'n radioloog, vir haar Internet-foto's wys, het sy verbaas gesê: "Haai, dis maar net 'n babatjie wat amper soos ons lyk!"

Hoewel 'n lewe met Downsindroom 'n onbekende vooruitsig was, het die gesin 'n geloofsbesluit geneem om die baba te behou. Familie en vriende het hul hande gesterk en hulle het by die Downsindroomvereniging inligting gekry.

In Augustus 2000 is Jaco gebore, sonder bykomende gesondheidsprobleme. Sy spiertonus en suigrefleks was beter as wat normaalweg met Downsindroom die geval is. "Ná drie dogters is die kans om 'n seuntjie te hê so klein," glimlag Ansie. "En toe kruip hierdie presentjie uit!"

Kort ná die geboorte het hulle 'n spraak- en 'n fisioterapeut geraadpleeg en geleer om dag-tot-dag-dingetjies só te doen dat Jaco voordeel daaruit trek. As hy op jou skoot sit, vryf jy byvoorbeeld sy handjies oor mekaar en stimuleer sy niedominante kant. Op sy ouderdom is dit nie baie werk nie, maar jy voel goed as jy hom reg hanteer, sê Ansie.

Tog probeer Ansie om hom nie voor te trek nie. Hy moet sy plek in die gesin soos enige kind oopveg, anders kry die dogters nie die nodige aandag nie. Gelukkig is hulle gek na hom en wedywer behoorlik om hom te versorg.

Die sussies word nie verplig om na Jaco om te sien nie. Sy ouers voel hy is húl verantwoordelikheid. Húlle moet vir sy toekoms voorsiening maak, finansieel en andersins.

Abri en Ansie bly hartseer dat Jaco met sy beperking moet saamleef, maar het besluit dat hy net 'n gelukkige seuntjie moet wees. Enigiets wat hy bereik, is 'n bonus. Die drome sal hulle droom soos hy verder ontwikkel.

Dis nie 'n maklike pad om te loop nie. Mense probeer jou troos dat jy spesiaal en uitgekies is om so 'n kind te hê, maar dit voel nie altyd so nie, sê Ansie. Jou gewone gesin word 'n abnormale gesin. Jý moet positief bly en jou eie normaliteit skep. Dikwels is dit net jou geloof wat jou dra.

"En tog ... as Jaco so rustig lê en slaap, wonder ek: hoe sou ek kon sê ek wil hom nie hê nie? Hy is maar net 'n baba wat ons liefde en versorging nodig het - en dalk 'n bietjie meer geduld."

ABRI GEKLEE DEUR HILTON WEINER, KINDERS DEUR NIKA